

INHOUD

Inleiding	13	
HOOFSTUK I		
DIE SIEKETROOSTERSKAP IN DIE NEDERLANDSE		
MOEDERKERK	19	
1. Instelling en ontwikkeling van die sieketroostersamp	22	
2. Opdrag en taak van die sieketroosters	29	
(i) Verskillende benamings	29	
(ii) Voorskrifte en instruksies	30	
(iii) Boeke en hulpmiddels	37	
(iv) Salarisse en werksomstandighede	46	
(v) Agtergrond en lewensbeeld van die sieketroosters	48	
(vi) Stryd in arbeid en lewe	49	
(vii) Probleme met die sieketroosters	50	
3. Aanstelling en toelatingsvereistes	51	
(i) Beweegredes by aansoek om aanstelling	51	
(ii) Keuring, voorbereiding en toelating	52	
(a) Die Kompanjie	52	
(b) Die Kerkraad	53	
(c) Deputati ad res Indicas	55	
(d) Die Classis	59	
(e) Die Sinode	60	
4. Kerkregtelike posisie en funksie	61	
HOOFSTUK II		
DIE KERK IN DIE OOSTE		66
Die sieketroosters op die voorposte	67	
HOOFSTUK III		
DIE SIEKETROOSTERSAMP IN SUID-AFRIKA		73
1. Die eerste vier sieketroosters aan die Kaap (1652—1665)	73	
(i) Willem Barentsz. Wylant	73	
(ii) Pieter van der Stael	77	
(iii) Ernestus Back	80	
(iv) Jan Jorisz. Graa	82	
2. Die aard en betekenis van hul arbeid	83	

HOOFSTUK IV

BEDIENAARS VAN DIE WOORD	90
1. Voorgangers in die erediens	90
2. By bidstonde en in verootmoediging	103
3. Op kerklike feesdae	106
4. By herdenking van die volksplanting	106

HOOFSTUK V

PASTORALE PLIGTE	116
1. Krankebesoekers op see en land	116
2. Arbeiders in hospitale	123
3. Bystand aan veroordeeldes	131

HOOFSTUK VI

DIENS VAN BARMHARTIGHEID	135
1. Steunpilare vir die armes	135
2. Versorgers van hulpbehoewende kinders	144

HOOFSTUK VII

OPVOEDERS VAN DIE JEUG	148
1. Christelike skoolmeesters	148
2. As kategete en godsdiensonderwysers	167

HOOFSTUK VIII

UITBREIDING VAN DIE KONINKRYK	174
1. Skakels tussen Christendom en heidendom	174
2. Voorlopers van die kerklike sending	179

HOOFSTUK IX

WERKSAAMHEDE OP BREËR TERREIN	189
1. In diens van die owerheid	189
2. Ook op sekulêre werf	193

HOOFSTUK X

DIE VERDWYNING VAN DIE SIEKETROOSTERS	201
1. Verskillende plaaslike bepalinge	201

2. Talle sieketroosters aan die Kaap	207
3. Die laaste sieketrooster	209

HOOFSTUK XI

GRONDLEGGERS VAN DIE GODSDIENSTIGE LEWE IN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK	215
1. In menigerlei nood en teleurstelling	215
2. Op die terrein van die openbare godsdienstige lewe	224
(i) Instandhouding van die godsdiensoefeninge	224
(ii) Skriftuurlike prediking op Gereformeerde grondslag	226
(iii) Ander gemeentelike werksaamhede	231
(iv) In diens van die Kerkraad	234
3. Sendingpioniers	237
(i) Belangstelling in die sending	237
(ii) Praktiese arbeid	237
(iii) Kennis van land en kultuur	238
4. Manne van die onderwys	239
5. Vir volk en vaderland	240
6. Stamvaders met baie nasate	240
7. Bydrae tot ons geskiedskrywing	245
(i) Bronneskrywers van die geskiedenis	245
(ii) Spieëlbeeld van godsdienstige lewe aan die Kaap	249
BYLAE 1	262
2	264
3	268
4	270
Voetnote	272
Bronne	316
Register	326

INLEIDING

SEDERT Van Riebeeck se koms na die Kaap in 1652 tot die aankoms van ds. Joannes van Arckel in Augustus 1665 het die gelowiges hier te lande geen eie plaaslike predikant of kerkraad gehad om na hul geestelike belange om te sien nie. Predikante op pad na die Ooste of op die terugreis na Nederland, het wel die Evangelie verkondig, die sakramente bedien en huwelike bevestig, maar hul verblyf aan die Kaap was gewoonlik tot 'n paar dae beperk, met die gevolg dat daar van sistematiese arbeid geen sprake kon wees nie. Dit spreek dus vanself dat die godsdienstige behoeftes van die Kaapse bevolking baie verwaarloos sou gewees het, indien hulle slegs op hierdie besoekers sou moes staatmaak. Dit is egter 'n verblydende feit dat daar wel iemand saam met Van Riebeeck gekom het wie se taak dit was om juis in hierdie behoefte te voorsien. Hierdie persoon was die sieketrooster Willem Barentsz. Wylant, wat ná sy vertrek 'n paar jaar later deur nog drie ander sieketroosters opgevolg is, voordat die eerste vaste predikant in die persoon van ds. Van Arckel hier voet aan wal gesit het.

Die taak van die sieketrooster was om, afgesien van sekere beperkinge wat op hom gelê is, die geestelike bearbeiding van die plaaslike bevolking op hom te neem. Gedurende 13 jaar was hy die enigste persoon wat voltyds op hierdie terrein aan die Kaap werksaam was. Hy het gevolglik 'n baie belangrike taak gehad om uit te voer, en wie enigsins 'n duidelike beeld wil verkry aangaande hierdie eerste fundamentele tydperk van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, móét aandag skenk aan die optrede van die sieketrooster.

Maar nog twee eeue ná die koms van ds. Van Arckel het sieketroosters in vele opsigte 'n belangrike rol aan die Kaap vervul. 'n Studie van die arbeid van hierdie manne bring aan die lig dat, behalwe die optrede van die verskillende leraars, ook ander persone betekenisvolle arbeid hier te lande verrig het. Sodoende sal aangetoon word die dinamiese gestalte wat aan die Gereformeerde Kerk eie is wanneer die kerkburger die geleentheid gebied word om 'n bydrae op kerklike terrein te lewer.

Met hierdie ondersoek wil ons 'n ontbrekende bladsy in ons geskiedskrywing aanvul as 'n belangrike hoofstuk in ons Vaderlandse geskiedenis. Terselfdertyd sal dit prikkel tot nadere besinning oor die kerklike amp. Moontlik kan hierdie werk ook dien as korreksie op die al te opvallende eksklusiewe en verskanste siening van die funksie van die predikant, soos in ons dag soms aangetref.

Die doel van hierdie studie is gevolglik om 'n bydrae te lewer tot 'n beter begrip en daarmee ook 'n herwaardering van die arbeid

van die sieketroosters aan die Kaap gedurende die tydperk 1652—1866. Minder bekende fasette van hul arbeid en optrede sal na vore kom en die eindresultaat sal hopelik bydra tot 'n breër perspektief ten opsigte van ons ryke verlede.

By nader ondersoek blyk dat daar tot sover geen publikasies in Suid-Afrika verskyn het waarin die aanstelling, oorkoms, werksaamhede en verdere lotgevalle van hierdie mense volledig behandel is nie. In sy werk¹ het Theal weliswaar 'n paar bladsye aan die sieketroosters gedurende die eerste aantal jare gewy, waarin hy byvoorbeeld op simpatieke wyse die werk van Van der Stael ten opsigte van die onderrig van die inboorlinge skets. Hierbenewens het A. Moorrees slegs ongeveer 20 bladsye aan 'n beskrywing van die belangrike arbeid van hierdie persone afgestaan, en dan ook maar net oor 'n paar van die sieketroosters.² Van die noodsaaklike boeke waarmee die sieketroosters vir hul taak toegerus is, noem hy slegs die Kategismus van Ursinus en van Landsberghius. Ook E. C. Godée Molsbergen³ het uit die aard van die saak slegs besonderhede oor die sieketrooster verstrek met betrekking tot hul verhouding tot Van Riebeeck. H. D. A. du Toit⁴ behandel slegs die prediking van hierdie manne in sy dissertasie. Die naamlys, asook gegewens in verband met die boeke wat hulle saamgeneem het, is in hierdie werk ook onvolledig, terwyl die ander werksaamhede van die sieketroosters nie vir uitvoerige behandeling in aanmerking kom nie. In die *Eeuwfeest-Album van de Nederduitse Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika 1824—1924*⁵ en ook by ons derde eeufees⁶ is slegs 'n oorsigtelike beskrywing van die arbeid van die sieketroosters aangebied. In ander werke word die soeklig telkemale op een enkele aspek van hierdie persone se werksaamhede gerig: kerkregtelik,⁷ onderwys⁸ en katekisasie,⁹ en dan vanselfsprekend baie kursories.

Met hierdie werk word die resultaat aangebied van 'n poging om meer volledig en ook ontledend in te gaan op die beskikbare gegewens in verband met die sieketroosters. Die historiese belangrikheid van die sieketroosters sal gevolglik meer as voorheen beklemtoon word, terwyl die evaluering en beskrywing van die geskiedenis van hierdie manne ook groter aandag sal ontvang.

Wie hierop nader ingaan, kom egter spoedig te staan voor wat by geleentheid die „probleem van distansie”¹⁰ genoem is. Hoewel skrywer hiervan enige maande in Nederland navorsing kon doen, is dit tog so dat by die verwerking van gegewens onduidelikhede nie altyd so maklik opgelos kon word nie.

Hierbenewens is ook ander wetenskaplike werke dikwels onvolledig, soos bv. C. A. L. van Troostenburg de Bruyn se *Krankbezoekers in Nederlandsch Oost-Indië*,¹¹ wat nie eens die naam van

Wylant bevat nie. Hierdie studie bied ook geen uitvoerige behandeling van die arbeid van die sieketroosters as sodanig nie, maar bevat 'n lys van 829 name van sieketroosters, waarby dan enkele biografiese besonderhede meegedeel word.

Ook in ander opsig is dit nie 'n maklike taak om navorsing oor hierdie onderwerp te doen nie, veral vanweë die feit dat die skrif nie altyd so maklik lees nie en talle dokumente met verloop van tyd verweer het.

Die indeling van die studie het twee moontlikhede gebied: eerstens dat al die gegewens wat betrekking het op die aanstelling van die sieketroosters, behandeling wat hulle ontvang het en voorsiening vir hul dienswerk, by die optrede van die sieketroosters aan die Kaap ingesluit word; tweedens kon die toestand in die Nederlandse Moederkerk afsonderlik geskets word om daarna oor te gaan tot die behandeling van die optrede van die sieketroosters aan die Kaap. Laasgenoemde metode is gevolg, in die vertroue dat die verblyf van die sieketroosters hier te lande dan steeds gesien sal word teen die agtergrond van die Nederlandse Moederkerk. Ter voltooiing van die geheelbeeld het ons ook stilgestaan by die optrede van die sieketroosters in Nederlands-Indië en selfs ook kortliks verwys na Amerika. Slegs langs hierdie weg is dit moontlik om insig te kry in die wye historiese perspektief van die arbeid van die sieketroosters.

Die belangrike Nederlandse bronne is die Protocollen van die Amsterdamse Kerkraad, Acta Deputatorum van die Classis van Amsterdam en van Walcheren. Die *Antwoord* van L. Verwyk op die vraag hoe om goeie krankbesoekers vir die Ooste te verkry asook H. W. Debrunner se artikel oor „*Sieckentroosters, Predikants and Chaplains*” het interessante gegewens na vore gebring. C. A. L. van Troostenburg de Bruyn in sy *De Hervormde Kerk in Nederlandsch Oost-Indië onder de Oost-Indische Compagnie (1602—1795)* bied deurgaans, maar veral in hoofstuk 6 waar die sieketroosters spesifiek behandel word, talle gegewens aangaande hierdie ampsdraers. Noodsaaklike feite word aangetref in *Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Protestantsche Kerk in Nederlandsch-Indië*, in drie dele byeengebring deur J. Mooij, terwyl dieselfde skrywer ook 'n *Geschiedenis der Protestantsche Kerk in Nederlandsch-Indië* (deel I) opgestel het, waarin baie van die feite van die boustowwe verwerk is. Die werk van J. R. Callenbach: *Justus Heurnius, eene bijdrage tot de geschiedenis des Christendoms in Nederlandsch Oost-Indië*, asook die werke van C. W. T. van Boetzelaer van Dubbeldam: *De Gereformeerde kerken in Nederland en de Zending in Oost-Indië in de dagen der Oost-Indische Compagnie*, en *De Protestantsche Kerk in Neder-*

landsch-Indië, *Haar ontwikkeling van 1620—1939*, is uiters waardevol in hierdie verband. Hierbenewens is die werk van Pieter van Dam: *Beschryvinge van de Oostindische Compagnie* verhelderend, veral die vierde boek waarin kerklike aangeleentede behandel word onder die vaandel Het Ecclesiasticq.

Wat Suid-Afrikaanse bronne betref, bied die gepubliseerde boustowwe (Deel I en II) wat deur C. Spoelstra byeengebring is, belangrike inligting. Hierin vind ons die brief van Wylant, asook die 8 briewe van Van der Stael. Die kerkordes van 1624 en 1643, asook die instruksie vir predikante en sieketroosters van 1617 en 1695, word ook in hierdie werk aangegee. Saam met die *Dagregister* van Van Riebeeck, asook die dagregisters van Wagenaer en sy opvolgers, bevat dit van die belangrikste bronne hier te lande. Noodsaaklike aanvullings vind ons egter in die Resolusies van die Politieke Raad, die Plakkate, Kriminele en Siviele Regsrolle, die kerklike resolusies en korrespondensie uit ons eerste twee eeue. In die *Dagboek van Adam Tas* (red. L. Fouché) en *Die Kerk van Stellenbosch* deur A. M. Hugo en J. van der Bijl vind ons eweneens heelwat inligting oor die sieketroosters.

'n Belangrike manuskrip, waarin gegewens oor die sieketroosters aan die Kaap aangetref word, is die feitlik onbekende „*Schets der Geschiedenis der N.G. Kerk, of ook Bouwstoffen voor eene Geschiedenis der Nederd. Kerk in Zuid-Afrika (1652—heden)*”, van C. Spoelstra. Dit is bedoel om deel uit te maak van wat deur hom in sy gepubliseerde *Bouwstoffen* in die vooruitsig gestel is, naamlik *Handboek voor de Geschiedenis der Ned. Geref. Kerken in Zuid-Afrika*,¹² en bestaan uit ongeveer 280 bladsye met die hand geskrywe, in 'n aantal oefeningboeke wat in die Kaapse Kerkargief bewaar word. T. N. Hanekom maak met vrug daarvan gebruik in 'n bespreking van „*Ons Kerkgeskiedskrywing — Die Indelingsprobleem van die S.A. Kerkgeskiedenis*”, wat in Oktober 1956 verskyn het.¹³ Knappert noem Spoelstra se werk voortreflik en maak ook melding van die „beredeneerde en gedocumenteerde” oorsig van bronne wat daarin verskyn.¹⁴

Dit is jammer dat Spoelstra hierdie deeglik-aangevoorde werk nie kon voltooi nie. Die eindproduk sou ongetwyfeld inhoudryk gewees het, aangesien elke feit op noukeurige wyse gestaaf word, al is dit ook so dat Spoelstra nie altyd die ortografie van die ou dokumente ten volle bemeester het nie. Maar dié gedeelte wat wel deur hom afgehandel is, bied nogtans 'n skat van wetenskaplik-verantwoorde gegewens vir die geskiedskrywer. Van hierdie aantekeninge kon ek dankbaar gebruik maak.

Een van die belangrikste sake wat deur Spoelstra na vore

gebring is, is seker die vermelding van 'n negende brief van Van der Stael waarop hy in sy navorsing afgekom het. Hierdie brief is nie opgeneem in sy gepubliseerde bouwstowwe nie, maar die bestaan daarvan is onder sy aandag gebring deur die argivaris van die Oud-Synodaal Archief van die Ned. Herv. Kerk in Nederland. Die inhoud van hierdie brief wat nou hier vir die eerste keer as bylae verskyn, word nader deur my ontleed — Bylae 2. Die beroepsbrief vir sieketroosters word ook volledig onder bylae 1 aangegee, terwyl bylae 3 'n naamlys van predikante bevat wat in die jare 1652—1665 die Kaap aangedoen het. Bylae 4 bevat 'n naamlys van die verskillende sieketroosters wat hier te lande gearbei het.

Vir 'n insae in die lewensbeeld van 'n individuele sieketrooster, is daar seker nie 'n beter bron as die Bosmanpapiere in die Kaapse Kerkargief nie. Hierin is daar briewe deur sieketrooster Hermanus Bosman self, van verskillende familieledede, kronologiese feite, afskrifte van sy testament en dergelike meer.

Indien dit alles 'n bydrae lewer tot die kennis en volledigheid van die historiese beeld van hierdie interessante maar enigsins minder omlýnde ampsdraers van die Kerk aan die Kaap, sal die moeite ryklik beloon wees. Ons koester die beskeie hoop dat beter insig in die lewensarbeid van die sieketroosters ons kerkhistoriese perspektief sal verryk en verruim.

-
- 1 G. M. Theal: *History of South Africa*.
 - 2 A. Moorrees: *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652—1873*.
 - 3 E. C. Godée Molsbergen: *De Stichter van Hollands Zuid-Afrika Jan van Riebeeck*.
 - 4 H. D. A. du Toit: *Predikers en hul prediking in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika*.
 - 5 A. Dreyer: *Eeuwfeest-Album van de Nederduitse Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika 1824—1924*.
 - 6 F. J. M. Potgieter: „Ons Kerk in Kaapland” (T. N. Hanekom (red.): *Ons N.G. Kerk*).
 - 7 J. D. Vorster: *Die kerkregtelike ontwikkeling van die Kaapse Kerk onder die Kompanjie 1652—1795*; J. P. Jooste: *Die verhouding tussen Kerk en Staat aan die Kaap tot die helfte van die 19e eeu*.
 - 8 E. G. Malherbe: *Education in South Africa 1652—1922*; P. S. du Toit: *Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652—1795*.
 - 9 D. W. de Villiers: *Die Kategese in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*.
 - 10 D. W. de Villiers: *Reisbeskrywings as bronne vir die kerkgeskiedskrywing in Suid-Afrika tot 1853*, p. 11.
 - 11 C. A. L. van Troostenburg de Bruyn: *Krankbezoekers in Nederlandsch Oost-Indië*.

- 12 C. Spoelstra: Bouwstoffen voor de Geschiedenis der Nederduitsch Gereformeerde Kerken in Zuid-Afrika, I, Inleiding p. LII.
- 13 T. N. Hanekom: „Ons Kerkgeskiedskrywing. Die Indelingsprobleem van die S.A. Kerkgeskiedenis” (Die Gereformeerde Vaandel, Oktober 1956, p. 24 e.v.).
- 14 L. Knappert: Schets van een Geschiedenis onzer Handelskerken, p. 9.